



Kom ons praat oor die sonde

"Sonde" klink na 'n baie negatiewe onderwerp - iets wat met gepaardgaande kastyding heftig afgewys moet word, soos trouens ook in baie preke gebeur. Maar wie mooi daarvoor nadink, besef dat 'n mens nie die evangelie reg kan verstaan sonder die nodige sondebefef nie. Het die Here Jesus dan nie die Heilige Gees as Trooster gestuur om die wêreld "van sonde en geregtigheid en oordeel" (Joh. 16:8) te oortuig nie? Juis wanneer ons weet hoe groot ons sonde en ellende is, kan ons werklik met die troos van Christus getroos word (HK So. 1).

'n Mens kan al baie gou dink aan "die sewe doodsondes" - 'n uitdrukking wat 'n mens dikwels in gesprekke hoor opduik. Hierdie idee van "sewe doodsondes" het nie 'n gereformeerde oorsprong nie maar kom eerder uit die Middeleeue en dit is vir die eerste keer in die 13^{de} eeu deur Thomas van Aquino saamgevat en as deel van die Roomse teologie uitgebou.

Nie groter of kleiner sonde voor God nie

In die eerste plek moet ons bly vashou aan die Bybelse leer dat daar nie 'n ranglys van belangriker en minder belangrike sondes voor God bestaan nie. Nee, skryf die apostel Jakobus, "wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan al die gebooie skuldig geword" (Jak. 2:10).

Dit is dus uit die staanspoor onbybels om 'n sekere aantal sondes - in hierdie geval sewe - uit te sonder asof hulle dodelike gevolge het maar ander sondes nie. Elkeen van die "sewe doodsondes" is ewe dodelik as enige ander sonde.

Saam met die trompet van waarskuwing teen die sonde klink daar egter in die evangelie van Jesus Christus 'n baie kragtiger geluid op. Dit is die heerlike boodskap dat elkeen wat hom van sy sondes (wat dit ook al mag wees) bekeer en wat in berou aan Jesus Christus as Saligmaker vasgryp, vergewing van sondes ontvang.

Deur die bloed van Christus neem God ons elkeen se sondeskuld weg. In Christus is ons sondeskuld ten volle betaal en staan ons volkome regverdig voor God se regterstoel, vrygekoopt van die oordeel tot die dood.

So is die evangelie van Christus vir alle sondaars die blye boodskap van verlossing uit die dood.

Doodsonde

Tog leer die Bybel ons van doodsonde, oftewel "sonde tot die dood", soos dit in 1 Johannes 5:16-17 genoem word (1983-vertaling: "sonde wat tot die dood. lei").

Wat is die sonde wat tot die dood lei? Kennelik is dit 'n sonde waarvoor daar geen vergewing kan wees nie, want as die Here ons sondes vergewe, lei dit nie meer tot die dood nie. In Matteus 12:31 hoor ons Jesus sê: "Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Heilige Gees sal die mense nie vergewe word nie."

Oor die algemeen word dit so uitgelê dat dit neerkom op 'n totale verwerping van die evangelie. Die Heilige Gees is die Een wat aangaande Christus as ons Saligmaker getuig en wat deur sy

getuienis bekering in menseharte bewerk. Wie die Heilige Gees se getuienis verwerp, maak daarmee die Heilige Gees tot leuenaar en is dan skuldig aan lastering teen die Heilige Gees.

Waarom is daar nie vergewing vir hierdie sonde nie? Omdat iemand wat die getuienis van die Heilige Gees verwerp, die verlossing wat daar in Jesus Christus is, verwerp. En sonder Christus as Verlosser is elke mens verlore en eindig in die ewige dood. Daarom skryf die apostel Johannes dat 'n mens nie eens vir vergewing van hierdie sonde kan bid nie.

Christus is ons enigste grond waarop God uit genade ons sondes vergewe, maar wie Christus verwerp, stel homself daarmee buite God se genade.

Om die evangelie van Christus te verwerp, is 'n sonde wat tot die dood lei. Daarom, as ons bid vir iemand wat hom hieraan skuldig maak, moet ons bo alles bid dat hy in die geloof Christus sal omhels, want so alleen kan ook hy aan die vergewing wat daar in Christus is, deel.

Saamgevat: Daar bestaan nie so-iets soos "sewe doodsondes" nie. Daar is maar een sonde wat tot die dood lei, en dit is die verwerping van die Here Jesus Christus as Verlosser. Verder kan ons nie sewe sondes uitsonder asof hulle erger as ander sou wees nie. Slegs as ons in sondebeseft met harte vol berou aan Christus vasgryp, is daar vir ons by ons hemelse Vader vergewing.

GJC Jordaan

© by skrywer - 2007
www.christelikebiblioteek.co.za